

22 Julie 2013

Skrifgedeelte: Eksodus 22:16-20, 28-31; 34:11-26

Fokusgedeelte: Eksodus 22:16-20, 28-31; 34:11-26

Dien die ware God met u hele lewe

In die Tien Gebooie staan die gebooie oor die diens aan God voorop. In die breër toepassing daarvan in die latere hoofstukke van Eksodus is dit egter amper half weggesteek tussen al die bepalings oor ons verhouding met ons medemens.

Ons maak dikwels die fout om ons verhouding met God van ons verhouding met ons naaste te wil skei. Ons probeer soms om die twee in waterdigte kompartemente van te plaas. Die Bybel duï egter voortdurend aan dat ons verhouding met God en ons naaste onlosmaaklik met mekaar verbind is. Die regte verhouding met ons naaste is alleen moontlik indien ons verhouding met God heel is. Aan die ander kant is dit onmoontlik dat 'n heel verhouding met God nie in my verhouding met my naaste sigbaar gaan wees nie.

My hele lewe moet diens aan God wees. Ek eer en dien Hom nie alleen wanneer ek met formele godsdienslike handelinge besig is nie, maar in alles wat ek sê, doen en dink – elke oomblik van elke dag. Daarom moes die eersgeborenes en die eerstelinge van die oes aan God gewy word. Daarmee is erken dat nie alleen die eerstelinge nie, maar alles in die lewe aan God behoort en aan sy diens toegewy is.

Eksodus 22:31 (OAV) vat dit saam: "Julle moet vir My heilige mense wees." Die NAV vertaal dit deur die betekenis van die woord "heilig" te omskryf: "Julle moet mense wees wat aan My gewy is."

Sing: Psalm 116:7, 9

Ds. HB Hattingh (Warmbad)